Geagte Medestudente, Personeel en Alumni

Ek skryf aan u in ’n tyd van teenstrydighede – aan die een kant onstuimigheid wat deur ongeëwenaarde nywerheidsoptrede veroorsaak word en tot aansienlike operasionele ontwrigting lei, sowel as groot skade aan die beeld, reputasie en integriteit van hierdie vooraanstaande instelling en gerekende universiteit van die land – en aan die ander kant, noemenswaardige toewyding deur ander tot Unisa se institusionele kontinuïteit en sukses terwyl daar aan bestrede sake aandag geskenk word.

Ek is deeglik daarvan bewus dat baie van u steeds gretig en gewillig is om na ons onderskeie kampusse te gaan om u rol te vervul om ons belanghebbers (veral ons studente) te bedien, maar dat die vyandige teenwoordigheid van kollegas by die ingange en paaie wat na sommige van ons kampusse (veral dié in Pretoria en Florida) lei, u verhoed om dit te doen.

Die situasie word vererger deur die volgehoue afskuwelike voorvalle waar paaie en toegangspunte versper word met rommel en boomstompe; buitebande wat verbrand word; spykers wat op die padoppervlak gegooi word; en blatante intimidasie.

Dit is egter vir my bemoedigend dat verslae en waarnemings daarop dui dat, ten spyte van hierdie omstandighede, daar steeds staatmakers by Unisa is wat keer op keer maniere vind om te verseker dat sommige van die belangrikste funksies wat deur die Universiteit verrig word, onverpoos voortgaan.

Soos u weet, was verlede Vrydag die eerste dag van die eksamentydperk vir die eerste semester van 2022. Ek was verheug om terugvoer te ontvang dat die eerste dag relatief glad verloop het en dat alles gereed is vir die res van die eerstesemester-eksamens. Ek is ook verseker dat in gevalle waar daar wel struikelblokke mag opduik, die spanne wat verantwoordelik is om die eksamens te bestuur, in staat is om probleme te identifiseer en om vinnig in te gryp.

Dit was ewe verblydend om te verneem dat, ondanks vals berigte elders wat die teendeel verkondig, sake goed verloop ten opsigte van ons Semester-aanlynaansoeke, wat Dinsdag 10 Mei 2022 geopen het. Hierdie toepassingsfase, wat slegs vir uitgesoekte kwalifikasies op voorgraadse, honneurs- en nagraadse diplomavlak oop is, sluit op 31 Mei 2022.

Namens die Uitvoerende Bestuur en die res van die universiteitsgemeenskap, spreek ek ons opregte en gesamentlike dank uit teenoor die kollegas wat hierby betrokke was, wat voortgaan om die Universiteit se naam met soveel toewyding en omsigtigheid te verteenwoordig, ten spyte van die huidige omgewing met al sy uitdagings.

Ons wil ook kollegas in onderskeie ander hoedanighede bedank vir die ywer waarmee hulle werk voorsit te midde van moeilike omstandighede.

Wees verseker dat ons ons steeds verbind tot formele en wettige beraadslaging met ons kollegas wat by nywerheidsoptrede betrokke is, tot voordeel van die bevordering van die akademiese agenda, die beginsels van Ubuntu; regverdigheid en sosiale geregtigheid. Ons, as die bestuur, wil egter uitdruklik verklaar dat universiteite sosiale instellings is wat die mandaat het om studente te vorm as intellektuele bydraers wat in diens van die gemeenskap staan en wat die middelpunt van sosio-politieke en ekonomiese transformasie is deur die opbou en verspreiding van kennis. Dit is ’n roeping en ’n mandaat wat Unisa nie sal laat vaar nie. Ons versoek dus alle kollegas wat aan stakings of protesaksies deelneem, om dit binne die bepalings van die Universiteit en die landswette te doen, wat, onder andere, nie geweld, intimidering van personeel en studente, en/of kriminele gedrag duld nie. Ons verbind ons tot voortgesette beraadslaging om ’n oplossing vir die nywerheidsoptrede te vind.

Aan elkeen van u wat voortgaan om die akademiese agenda te ondersteun – ons gee graag aan u erkenning en lof vir u goeie dade. Dit gaan nie ongesiens verby nie. Dankie dat u die Unisa-vlag laat wapper onder hierdie moeilike omstandighede.

Welgedaan – hou so aan!

Vriendelike groete

***Prof Puleng LenkaBula***

***Rektor en Visekanselier***